Geliefde Lourensrivierder

Janee, ek wil nou amper soos daardie Butler in Dinner for One sê: Shame proshedure ash lasht year Mish Shophie ☺ ALLES weer terug na normaal en ons hardloop volstoom op alle silinders nê!
Hier is die uitreksel uit Dinner for One, net om jou in die bui te sit vir die dolle kwartaal wat volg: https://www.youtube.com/watch?v=6yt4YWOiUZI. Mag ons Here elke tree met jou saamstap, die nodige wysheid, kalmte en insig gee en jou hand vat daar waar die pad moeilik is, selfs sleep as dit nodig is ☺

NUUSKRUMMELS: 26/01/2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

Sondag, 29 Jan. Begin ons met die nuwe opwindende Reeks vir die kwartaal!!!

Pantoffels en pajamas en God se plan vir my lewe..

Kiedz kan in die oggende met hul kussings kom en pantoffels aantrek (net as hulle wil)☺☺

ALMAL welkom!

WIL JY GRAAG BELê IN JOU GEESTELIKE GROEI HIERDIE JAAR??

1. **Doen** die **GRATIS Gebedskursus** wat jou leer hoe om jou Bybel te gebruik as jy bid en hoe om waarlik met God daaruit te kommunikeer..... van die drumpel tot Sy troonkamer... **Dit begin 02 Feb. @ 09h00 in Moederskamer.**
2. **Begin** die **Veritas Bybelskool** kursus wat jou leer hoe om die Bybel beter te verstaan, te interpreteer en hoe om dit in jou daaglikse wandel prakties uit te leef. **Mod 2&3 begin 07 Feb. En Mod 1&4 begin 08 Feb. @ 09h00 of 19h00 by kerkkantoor.**
3. **Sluit** aan by 'n **Kleingroep** en word deel van 'n warm samesyn saam met omgeevriende wat mekaar ondersteun en saam bid
4. **Doen** 'n **EEIII kursus** wat jou die Evangelie Boodskap beter laat verstaan en help om met gemak met mense oor die Here te praat
5. **Doen** 'n **Evangelie Nasorgkursus** om jou te help met jou persoonlike verhouding met Jesus en kommunikasie met mense.

Navrae: Kontak Jackie @ 021 853 5991

REVUMA BYEENKOMS:
Saterdag 4 Februarie 2017: Nuus en terugvoer
Plek: Lourensrivier Gemeente, Strand
Tyd: 8:30 vir 9:00
Teetyd 10:30 (verversings sal bedien word)
Afsluiting 13:00 (Geen middagete)
RSVP: Laat weet asb vir Renier teen Woensdag of u gaan bywoon (en wil terugvoer lewer) sodat ons genoeg plek kan voorberei. 0762215822 of renier@dtpix.za.net

Ruvuma
Northern Mozambique Support Partnership

HULP VIR MOSAMBIEK SENDINGWERK

Hier is die lys van mediese produkte wat Andre & Anna-Marie Thiart die meeste in Quionga, Mosambiek gebruik en benodig, indien iemand dalk sou wou bydra.

- Rapid test – malaria toetse wat 4 lyne malaria toets
- Parafien gauze; en ander spuit produkte vir brandwonde - Ek kry baie brandgevalle en die medisyne hou gewoonlik nie tot die einde van die jaar nie.
- Silbecor
- Colloidol silver – vloeistof en room
- Verbande – 10cm wyd en wyer
- Povidone Iodine solution
- Pleister rolle
- Micropore rolle
- Steri strips
- Gauze cotton swabs
- Examination gloves – boks
- Surgical spirits
- Staaldruppels
- Aqeuous room
- Vaseline
- Parasetamol – ons deel nie pille uit nie, maar hierdie is soms nodig
- Disprin – ekstra sterk
- Oogmiddel met anti-biotikum – Baie NB
- Epizone salwe – beskikbaar by winkels soos Clicks.
- Antibiotiese poeier – om nat wonde droog te hou.
- Achromide salf – dit kom in potte van 500g en is 'n uitstekende anti-biotiese room, maar ek sukkel om dit in die hande te kry. As iemand dalk iemand ken wat by van die farmaseutiese maatskappye kontak het! Of iets anders met dieselfde bestanddele :
- Every 40g contains:
- Mercurochrome (27,2mg)
- Acriflavine (27,2mg)
- Sulphanilamide (1,92g)
- Zinc oxide (7,608g)
- Cod-liver oil (4,529g)
- Preservative: Nipastat (0,2%m/m)
- Heuning

Leesbrille – indien iemand dalk 'n kontak het vir so iets. En indien daar mense is wat nuwe brille gekry het en hul ou brille by die huis het en daarvan wil ontslae raak, my skoonma het altyd die oumense se brille by die sentrum bymekaar gemaak!

Baie dankie

Andre & Anna-Marie Thiart
thiartaa@gmail.com
Web: www.gcx.org/Makwe_Mission
Facebook: Makwe Mission
Celnr SA Andre: +27 783481914 + Whatsapp
Anna-Marie: +27 739095288 + Whatsapp

WORD TOEGERUS OM ANDER TOE TE RUS!

Hierdie is "geestelike vermenigvuldiging en waarom EE internasionaal so suksesvol is.
Word deel van hierdie opwindende reis waardeur miljoene mense 'n geloofs-oorgawe aan Christus maak en kerke wonderlike groei beleef.
XEE, is 'n nuwe en effektiewe manier om Gen X en Y leiers toe te rus in persoonlike en verhoudings-evangelisasie.
Deur XEE word mense dié soort getuies soos wat Christus dit vir ons bedoel het.
XEE bemagtig mense om regtig te 'connect' met mense rondom hulle en sterk verhoudings te bou. Hierdie platvorm maak dit makliker vir iemand om die Goeie Nuus eenvoudig en met vertroue te kan deel. Uiteindelik wil ons jong volwassenes help om hul vriende in 'n verhouding met Jesus te lei. Ons nooi jou om aan boord te kom!!

HOE? By XEE leierskap & uitreik toerusting word jy deel van 'n impak bediening wat jou bemagtig om:

1. Die evangelie op 'n interaktiewe en verhaalgedrewe formaat te deel.
2. XEE effektief te implementeer in jou plaaslike gemeente.
3. Interkatiewe XEE konsepte te bemeester deur groepsbesprekings.
4. Impak uitreike vir jong veolwassenes te lei.
5. Gen-X praktiese rolmodelle toe te rus vir dinamiese kerkgroei.

Sien jou graag daar.
Ds. Driaan Britz (XEE SA) @ 083 232 4706

KERKNUUS UIT OMGEWING

TOERUSTINGSGELEENTHEID. "MY VOORLAASTE VERHUISING" OF EN " MY OUERS SE VOORLAASTE VERHUISING"

Ons almal staan een of ander tyd voor die vraag: " Wanneer moet ons kleiner gaan" ? OF "Hoe kan ek my ouers oorreed om kleiner te gaan?" Kom luister na goeie en nagevorsde raad. Dit kan jou dalk baie help en hartseer uitskakel.

Datum: 12 Februarie 2017
Tyd: 17:30-± 19:00
Plek: NGK Moedergemeente Somerset -Wes, Andries Pretoriusstraat, S-W
Spreker: Dr George Roux
Tema: My voorlaaste verhuising OF My ouers se voorlaaste verhuising
Kom geniet 'n koppie tee/ koffie na die tyd. Toegang gratis !!
Vir enige verder navrae :
Mariana Miles (021) 851-0551 of 083 529 1884 of Mariana by : jes49@outlook.com

STEPHAN JOUBERT

Plek: NG Kerk Gordonsbaai;
Datum: Sat 18 Februarie 2017
Tyd: 10h00 – 12h00; Koste: R80pp (sluit verversings in)

Kaartjies: 250 kaartjies is beskikbaar vanaf So., 15/01 – Vry., 10/02

Kontak kerkkantoor @ 021 856 1654 of Elaine @ 072 207 9588

AMOS KAAP BEDIENING: MARKDATUMS VIR 2017 AS VOLG:

04 Februarie Koue Bokkeveld koördineer
04 Maart Wellington koördineer
01 April Villiersdorp/Worcester koördineer
06 Mei Studente Koue Bokkeveld koördineer
03 Junie Citrusdal koördineer

Indien u meer inligting rondom Amos se werksaamhede wil weet kan u Amos Kaap se koördineerder by **083 2334533** skakel.

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

Hoërskool Strand PRETLOOP (4km) STAP, draf, kruip... ☺
Woensdag 6 Februarie 2017 om 18:00
Hoërskool Strand, Sarel Cilliersstraat 205, Strand

Goeiedag, my naam is Hannalie van der Merwe en ek is 'n onderwyser by Hoërskool Strand. Jaarliks bied ons skool 'n pretloop aan. Hierdie 4 km pretloop is om fondse in te samel vir ons behoeftige atlete, maar eintlik is dit om van die ekstra vakansiegewig ontslae te raak. Deelnemers kan hardloop, stap, kruip of seil. Ek nooi u gemeente uit om aan hierdie pretloop deel te neem. Almal is welkom, oud en jonk.
Inskrywings sal op Maandag, 6 Februarie vanaf 17:00 by die A-rugbyveld geskied.
Lekker pryse is te wen met ons geklukkige trekkings. Indien u enige navrae het, kontak my gerus.
Inskrywingsfooi: R10 = nie bederfbare kos/toiletware
Ek hoop om u almal daar te sien.
Navrae: Hannalie v.d. Merwe - 021 853 1056

CANSA RELAY 2017

With just over a month to go till the 2017 CANSA Relay For Life Helderberg event and I would like to urge those that have not registered to please do so. You can just pop me a mail so long to book you plot so that we know how many teams are taking place. The list of team members can be sent through to me later. Remember if you would like to choose you plot you need to have at least paid the R100 deposit or the full registration fee. Those teams that have paid their deposit of fees will get 1st choice. So if you have any special plot you want let me know and I will try my best to allocated accordingly.
Registrations and information available at Lourensrivier Church or contact me @ 0729286135
We will be having our 1st Team Captains meeting on Saturday 28 January @ 15h30. The Venue will be the Lions Club in Somerset West – Helderberg Lions Club. For those that do not know where it is it is in New Street, 1 Street up from Caledon Street. If anybody needs directions please let me know and I will gladly provide.
Please remember that your theme for the 2017 Relay is Carnival. We would really like each team to try and do a minimum of R2000.00 fund Raising but more will be great. One of our aims is to raise funds.
If you know of any companies that would like to make a donation we can issue 18A Tax Certificates.

Kind Regards, Lucille Kruger
CANSA Relay For Life Helderberg (Team Chairperson)
0729286135

"ACVV HUIS JAN SWART HOU WEER POTJIEKOSKOMPETISIE AS FONDSINSAMELINGSPROJEK OP 25 FEBRUARIE 2017. Enige belangstellendes om 'n pot te kom maak, moet vir Henriette kontak by 021 854-3763.

Tyd is vanaf 12:00 tot 17:00. Die pot moet vir tien mense 'n porsie voorsien."

BERG 80 VERJAARSDAE VIR FEBRUARIE

Van Der Walt	Joey	02/12	87
De Wet	Bettie	02/13	88
Marnewick	Manie	02/15	80
Henning	Wena	02/19	80
Odendaal	Joey	02/24	87
Van Schalkwyk	Joeleen	02/24	81

LET WEL:
Die ouderdom regoor datum is die huidige ouderdom.
BAIE SEëN EN MAG ONS SENIOR BURGERS DIE HERE SE LIEFDE EN SORG ELKE DAG OORVLOEDIG ERVAAR!

KNIEWERK:

- Retha van der Westhuizen (kanker)
- Makkie Marx (vir gesondheid)
- Amanda Slabbert se suster, Marieta Bosman gaan vir ‘n groot operasie
- Jessie Dippenaar vir gesondheid
- Piet Nortjie vir gesondheid
- Bettie Nichols vir beterskap
- Willem Botes vir volle herstel na oogoperasie
- Amanda Vosloo vir beterskap
- Hester Jardim vir spoedige beterskep en volkome herstel

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 29 JANUARIE SE BOODSKAP: Miga 6:1-8

VIERDE SONDAG NA EPIFANIE:

Wat die verbond met God beteken

Uit die volk se antwoord sien ons hulle dink die verhouding (verbond) met God beteken God doen iets en hulle moet dan iets terug doen. "Tit for tat."

Ons teks lei ons weg van 'n verbondsverstaan dat God aan ons iets doen en daarom moet ons iets terug doen. Die punt is nie wat die volk doen of offer nie, maar eerder wie die volk is. As die volk in 'n enkelvoudige verbondsverhouding met God leef, sal hulle kan onderskei wat die beoefening van geregtigheid beteken in die lig van hulle wat arm en noodlydend is. Hulle sal weet wat die waarde van getroue verhoudings is en dat die lewe die beste gedien word in nederige afhanklikheid van God.

Vanuit 'n regte verhouding met God, ontwikkel 'n verstaan van die beoefening van geregtigheid wat daarna streef om die lewe vir almal moontlik te maak, veral hulle wat op die rand staan of wat magteloos of "anders" is. Die verhouding met God behels meer as om die regte goed te doen omdat die volk bang is vir straf. Dit is 'n lewe in verbondenheid waar wysheid nederig gesoek word voor God se aangesig.

God se identiteit en karakter staan dus in die sentrum. Wie God is, stempel wie God se verbondsvolk, God se kerk is. En God se kerk moet hierdie identiteit uitleef deur liefde en trou teenoor God, en liefde, trou en geregtigheid tot die medemens.

Juanita du Plessis sing “O Heer vergewe my”
https://www.youtube.com/watch?v=O7kEs05MajQ

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE